



Lêerno.: 21/2/5/2/ MATHEMATICS

Verwysing: 20240219-1753

Kurrikulum AOO- en VOO-minuut: DCG 0002 /2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Vakadviseurs vir die Intermediêre Fase, Vakadviseurs vir die Senior Fase, Vakadviseurs vir die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase en Prinsipale van alle gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: Suid-Afrikaanse Wiskunde-uitdaging vir graad 4 tot 7 en Suid-Afrikaanse Wiskunde-olimpiade vir graad 8 tot 12

1. Die **Suid-Afrikaanse Wiskunde-uitdaging (SAWU)** en die **Suid-Afrikaanse Wiskunde-olimpiade (SAWO)** is wiskundegeleenthede vir leerders in onderskeidelik graad 4 tot 7 en graad 8 tot 12. Die SAWU en die SAWO wil die gehalte van Wiskunde-onderrig en -leer bevorder deur leerders met interessante en uitdagende probleme op hul eie graadvlak te prikkel, en hulle te help om belangrike vaardighede vir die 21ste eeu te ontwikkel.
2. Die SAWU en die SAWO is daarop gemik om:
 - Wiskunde gewild te maak;
 - probleemoplossing in Wiskunde-onderrig te bevorder;
 - die idee te bevorder dat wiskundige aktiwiteite meer as net berekeninge is;
 - die belangrikheid van lees tydens wiskundige aktiwiteite te beklemtoon;
 - inligting te deel wat bydra tot betekenisvolle wiskundige aktiwiteite in klaskamers; en
 - 'n diagnostiese hulpmiddel te bied om opvoeders te help om wanopvattinge by leerders te identifiseer.
3. Die olimpiades gaan nie net daarvoor om mee te ding nie; dit fokus daarop om leerders aan uitdagende wiskundige probleme bloot te stel. Die vrae is opgestel om begrip te ontwikkel, kennis toe te pas in nuwe situasies, kommunikasie te beklemtoon en algemene wiskundige denke te bevorder.

4. Leerders kan op twee maniere deelneem:
 - Sterker leerders kan verkies om as individue (enkelspel) deel te neem.
 - Ander leerders kan verkies om in pare (dubbelspel) saam te werk.
5. Die **2024 Suid-Afrikaanse Wiskunde-uitdaging (graad 4 tot 7)** bestaan uit **drie rondes**:
 - Eerste ronde: 11 tot 15 Maart 2024
 - Tweede ronde: 22 Mei 2024
 - Derde ronde: 12 September 2024
6. Die **2024 Suid-Afrikaanse Wiskunde-olimpiade (graad 8 tot 12)** bestaan uit **drie rondes**:
 - Eerste ronde: 14 Maart 2024
 - Tweede ronde: 09 Mei 2024
 - Eindronde: 25 Julie 2024
7. Die logistieke reëlings vir beide kompetisies, asook vorige vraestelle kan by die volgende webwerwe verkry word:
SAWU – Graad 4 tot 7: <http://www.samf.ac.za/en/sa-mathematics-challenge>
SAWO – Graad 8 tot 12: <http://www.samf.ac.za/en/sa-mathematics-olympiad>
8. **Registrasie vir die SAWU en SAWO kan aanlyn gedoen word** deur van die bogenoemde skakels gebruik te maak. Skole kan ook die inskrywingsvorme wat as **SAMC-2024 Entry** en **SAMO-2024 Entry** aangeheg is, voltooi en indien. Inskrywings vir die **SAWU** sluit op **01 Maart 2024**, en inskrywings vir die **SAWO** op **24 Februarie 2024**. Maak asseblief seker dat die korrekte inskrywingsvorme vir die verskillende kompetisies ingevul word.
9. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sal die inskrywingsgeld vir die SAWU en SAWO vir leerders by geselekteerde gewone openbare skole **subsidieer**. Geenskoolgeldskole en skole vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie (WWT) sal voorkeur geniet. Leerders by Kwintiel 1- en 2-skole kan gratis inskryf.
10. Die eerste ronde sal by skole geskryf word. Opvoeders kan die antwoorde nasien of dit kan gedurende 'n oop klasbespreking deur die leerders nagesien word. Die Suid-Afrikaanse Wiskundestigting (SAMF) sal die memoranda voorsien. Sodra die dokumente nagesien is, moet die uitslae op 'n spesifieke vorm, soos deur die SAMF verskaf, vasgelê word. Hierdie vorm moet aan die SAMF teruggestuur word, wat dan die registrasieproses vir die tweede en finale ronde verder sal bestuur.
11. Vordering na die volgende ronde is slegs vir leerders wat 50% of meer in die eerste ronde behaal het.
12. Die daaropvolgende rondes sal by sentrale lokale in die onderskeie streke afgeneem word.

13. Elke deelnemer aan die SAWU/SAWO sal deur minstens een probleem uitgedaag word, wat sy of haar probleemoplossingsvaardighede sal verskerp. Probleemoplossingsvaardighede kan verder verbeter word deur die oplossings vir hierdie rondes noukeurig deur te werk. Alternatiewe en vindingryke oplossings sal aangebied word en die probleme wat in die vraestelle gebruik word, kan as hulpbronne vir klasbesprekings dien.
14. Kreatiewe probleemoplossingsvaardighede is belangrik en uiters bemerkbaar in die moderne tegnies-georiënteerde mark. Hierdie mark is nou wêreldwyd en Suid-Afrika moet mededingend wees. Ons benodig dus kundige probleemoplossers. Opleiding in probleemoplossing sal help om toekomstige leiers in tegnologiese ontwikkeling op te lei.
15. Die SAMF erken prestasie en sal die volgende sertifikate toeken:
 - Goue sertifikaat: Alle leerders wat meer as 80% in die eindronde behaal.
 - Silwer sertifikaat: Alle leerders wat tussen 60% en 79% in die eindronde behaal.
 - Brons sertifikaat: Alle leerders wat tussen 50% en 59% in die eindronde behaal.
16. Die SAMF bied ook die geleentheid om talent te identifiseer. Opvoeders word dus aangemoedig om leerders wat potensiaal toon te identifiseer en die betrokke webwerf te besoek om hierdie leerders te registreer.
Besoek: Graad 6 tot 11: <https://mytutor.chat/samf-talent-search/>
17. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle Wiskunde-opvoeders te bring.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-02-27